**Sondag 20 November**

**Skrifgedeelte: Hooglied 5:2-7 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Hooglied 5:4b**

## Die Bruidegom se toewyding laat ons hart brand van liefde vir Hom

Hoe logies en verstandig klink ons verskonings nie wanneer ons uitstel om ander se liefde te beantwoord. Die bruid vertel hier hoe haar geliefde laatnag van ’n reis teruggekeer het. Ondanks die uur het hy haar opgesoek. Hy klop en roep na haar as sy suster, sy vriendin, sy volmaakte. Dan kom haar verskonings:

- Dis laat.
- Om oop te maak, sal sy eers moet aantrek.
- Haar voete wat gewas is, sal sy weer moet vuil smeer op die stowwerige vloer.

Tog talm die Bruidegom nog. Hy steek sy hand deur die deuropening en gooi ’n flessie mirre uit as bewys van sy liefde. Dit laat haar verkrummel. Haar hart kom in beroering oor hierdie volkome toewyding en liefde van haar Beminde. Dan, as sy die deur oopmaak, is dit egter te laat. Hy het vertrek! Sy het te lank gehuiwer! Hy moes op haar wag. Nou roep sy en sy soek, maar Hy antwoord nie! Wat ’n verskrikking!

Hoe dikwels stel ons nie ons geliefdes teleur met mooiklinkende verskonings vir ons eie laksheid nie? Die ergste is dat ons dit ook doen met ons Hemelse Bruidegom. Hoe laat ons Hom nie staan om te klop en te klop nie! As Hy dan wegraak, is die klag van ons gewete helder en duidelik:

- Jy het uitgestel!
- Ander dinge was vir jou belangriker!
- Jy het sy genademiddele verag!

Genadiglik is sy vertrek nie permanent nie, maar vir ons tugtiging, sodat ons sal leer om die bewyse van sy liefde nie te versmaai nie.

Laat jou hart daarom weer in jou binneste opspring as Hy sy vol hand deur jou deur kom steek.

*Sing: Psalm 45:1, 2 (1936)*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*